Ons word 10 – kom vier saam met ons fees!!!!!

GARSVALLEI SINGKAMP

Grootste Liedere van Afrikaanse Sang (GLAS kamp)

Goeiedag GLASkampers,

Hoe het die jare nie verby gevlieg nie! Ons kan nie glo ons bied uiteindelik (na twee jaar se afwagting weens die covid-epidemie) ons **10de** Glaskamp aan nie!

Omdat dit ons **10de** kamp is, het die kampraad besluit om die **beste en lekkerste kamp ooit** te reël met kunstenaars, optredes, lekker dans en aktiwiteite vir die hele gesin!!!!

Nou wonder jul seker wie gaan vir ons kom optree? Wel, 'n hele paar kunstenaars, maar hier is 'n paar leidrade van ons hoofkunstenaar.....

Gee my 'n stukkie van jou hart, hart, hart
Ek wil dit vir my vat, vat, vat…….

of

Jy's 'n 12 op my hart se richterskaal
En my hele hart b-b-bewe
Met jou in my lewe

Kon jul al raai? Jul is reg! Dit is Arno Jordaan! Vir hom open opkomende kunstenaar Kirsten Richard.

So pak jul tentjie, trek jul dansskoene aan en la la la ley, ons gaan dans tot die stof so staan .....

Slegs vir hierdie **10de** Glaskamp het ons, ons standaard spesialisasies verander om tyd te maak vir al die voete-jeuk-van-lekkerkry-konserte deur die kunstenaars.

Die spesialisasies wat ons hierdie kamp gaan aanbied is:

- Gr R en voorskool — Geen spesialisasie. Daar word rondomtalie speletjies aangebied soos boeresport, springkasteel en ander lekker aktiwiteite
- Gr 1 — Lekker Sing (B)
- Gr 2 — Taalpret (A)
- Gr 3 — Volkspele (B)
- Gr 4 — Sang (B)
- Gr 5 — Boeresport (B)
- Gr 6 — Seremonies (B)
- Gr 7 — Liedjies ter voorbereiding vir Voorslag
- Verkenners — Verfbal **(plek vir slegs 25 inskrywings)**
- Verkenners — Selfverdediging
- Volwassenes — Rondomtalie speletjies soos skyfskiet, hindernisbaan, boeresport, lyndans en vele ander lekker speletjies (Kom wees weer kind en kom geniet 'n heerlike kamp saam met jou kind)

DATUM : 6 – 8 Mei 2022

TYD : Vrydag 16:00 - Sondag 12:00 (Sondag is daar 'n kerkdiens en vertoning deur Doxa Deo bedieningspan)

Arriveer, registrasie, kamertoedeling en tent opslaan 16:00 – 17:55

PLEK : Hartbeestfontein, Voortrekkerplaas sowat 50km Noord van Pretoria
GPS Koordinate: 25°26'54.16"S en 28°30'49.80E

KOSTE : R595 per persoon (dit sluit verblyf, etes, kunstenaar optredes en alle aktiwiteite in).
Die 3'de inskrywing in 'n gesin beloop R400
Die 4'de (of meer) inskrywing(s) in 'n gesin beloop R350.00

INBETALING : Garsvallei Kommando
ABSA tjekrekening 1015 722 033, takkode 632005
Verwysing: GLAS & verkorte kommandonaam
Stuur asb inbetalingsbewys aan **garsvallei.finansies@gmail.com**. Slegs toelating vir betalende inskrywings.

INSKRYWINGS : Indien jy 'n geregistreerde Voortrekker is volg hierdie skakel om te registreer vir die kamp: **https://forms.gle/gXLNkbkfFgvro7Yd7**

Indien jy 'n nie-geregistreerde Voortrekker is, moet jy eers registreer as 'n Voortrekker voor jy kan inskryf vir die kamp. Volg hierdie twee skakels om te registreer:

1. Om te registreer as Voortrekker: https://registrasie.voortrekkers.co.za/

Let: Volwassenes skryf in as **JEUGVRIEND**
Graad 8 – 12 skryf in as **VERKENNER**
Graad R – 7 skryf in as **PENKOP EN DRAWWERTJIE**
Gr RR en jonger skryf in as **ONTDEKKER**

2. Om te registreer vir die kamp: https://forms.gle/gXLNkbkfFgvro7Yd7

Inskrywings is slegs geldig indien bewys van betaling ontvang word.

Sluitingsdatum vir inskrywings en betalings: Vrydag 29 April 2022. Enige kansellasie na hierdie datum verbeur ongelukkig hul fooie.

VERBLYF : **Volwassenes** – eie tente of karavaan wat jul self voorsien
Gr 3 – Gr R en voorskools slaap saam met hul ouers in eie tente
Gr 4 – 6 slaap in lokale op die terrein in graadverband
Gr 7 – 12 slaap in spanverband in eie tente wat hul self voorsien

Let: Gr 4 -7 kinders: 'n Offisier of ouer moet die span vergesel (as kamer mamma/pappa).

Let: vir kampveiligheid en logistieke reëlings MOET die gr 4 – 6 kinders in die kamers slaap soos aan hul toegeken en nie by hul ouers in die tent nie. Enige spesiale versoeke moet eers met kampraad bespreek word.

VERVOER na en van die kamp moet SELF gereël word.

E-POS ASSEBLIEF AFSKRIF VAN JOU MEDIESE KAART NA GARSVALLEI@GMAIL.COM

Dit is belangrlik om ag te slaan op die volgende (minimum) kampreëls waaronder u, uself en u kind onderwerp by die ondertekening van die inskrywingsvorm:

- Die Voortrekkers laat nie volwassenes toe om alkohol te gebruik of om voor kinders te rook op enige kamp nie. Dit geld vir alle volwassenes / kombuispersoneel en offisiere.
- Volgens die Grondwet en reglemente van Die Voortrekkerbeweging, is die kampleier verantwoordelik vir die hantering van dissipline op die kamp. GEEN persoon mag die kampterrein betree of verlaat sonder die toestemming van die kampleier nie.
- Alle chroniese medisyne/antibiotika, ens. wat deur kursusgangers geneem word, MOET by noodhulp ingeteken word sodat die Noodhulp persoon kan toesien dat die betrokke kind sy/haar skedule volg, soos voorgeskryf. Dit word ook koel en in veilige bewaring gehou vir die duur van die kamp.
- Elektroniese ware (bv. selfone en ander duursaamhede) word op EIE risiko op die kamp geneem. Geen selfone, iPods, Notepads, ens word in die kursuslokale toegelaat nie. Vir ENIGE navrae/noodgevalle, kan die kampleier of kampadministrasie gekontak word. Sien telefoonnommers onder.

Kom geniet ‘n bietjie pret en plesier op die Vorie-manier! Dit is vet pret vir die hele gesin!

GLASkamp Groete,

Annelize Els
Kampleier
G.L.A.S. kamp
***(*Grootste Liedere van Afrikaanse Sang kamp)**

Louise Welgens
Garsvallei Administrasie

Navrae: Annelize Els082 332 7098 (Kampleier)
Linda Botts084 680 6860 (Kampadjudant)
Louise Welgens 082 6877 805 (Kampadministrasie)
Annemaré de Kock 083 554 2181 (Finansies)

SAAMBRINGLYSIES:

Almal bring saam:

- 10 Maskers
- Bybel
- Nota boekie en skryfgoed
- Flits (met nuwe batterye)
- Eie kampeerstoel
- Sambrele / gazebo’s indien kan bring (vir ingeval dit reën)
- Net een musiekinstrument **as jy self kan speel** (kitaar, blokfluit, viool, trompie, ratel, harmonika, ens.) Dis baie belangrik dat die instrument in ‘n beskermende tas/sak/houer moet kom. Kampbestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir beskadigde of verlore musiekinstrumente nie.
- Alle Voortrekkers moet arriveer in aktiewe Voortrekkerdrag. Spandrag kan gedra word vir die res van die naweek
- Ander gemaklike klere ook vir 2 dae (T-hempies met moue asseblief!)
- Warmdrag vir langs die kampvuur
- Swemklere en handdoek
- Toiletsakkie met seep, tandeborsel en tandepasta, waslappie, sjampoe
- Bordesak met: bord, beker, poeding bakkie, mes, vurk, lepel, waslappie, afdrooglappie
- Waterbottel
- Tekkies/toeskoene met kouse (net ingeval ons die bosse wil invaar)
- Hoed
- Sonbrandroom **(BAIE BELANGRIK)**
- **SNOEPIE GELD –** daar is ‘n snoepie met lekkernye te koop op die kamp, so moenie die snoepie geld vergeet nie!
- Saambringlysies vir spesialisasies – volg